

Sondag 9 April

Skrifgedeelte: Johannes 12:12-19 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Johannes 12:13-15

Loof Jesus Christus as Koning

'n Groot menigte feesgangers wat volgens gebruik 'n week voor die paas-fees optrek om die reiniginge te ondergaan, het gehoor dat *Jesus Jerusalem toe kom* (vs 12). Van hulle was al onder die indruk van sy Messiaanse optrede dáár. Met *palmtakke* in die hande as simbool van oorwinning (vgl. Op. 7:9), begroet hulle Jesus met *Prys Hom* as uitroep van lofprysing. Jesus word as Messias begroet (vs 14), as “die Een wat sou kom” (vgl. Sag. 9:9). Hy is die *Koning van Israel!*

Jesus kom op 'n jong vul die stad binnegery. Die feesgangers weet vir seker dat die Koning van Israel by hulle is, op 'n *donkie*. Die dissipels het die betekenis van hierdie gebeure eers *verstaan* ná Jesus se dood en opstanding toe die Heilige Gees dit aan hulle verduidelik het (vgl. 15:26). Die skare het 'n getuigende skare geword. Hulle getuienis het nog groter skares na Jesus toe gelok.

Dit is gepas om hier te verwys na die “*Donkies*” in die kerkgeskiedenis van Suid-Afrika as een van die mooiste verhale in die geskiedenis van die NG Kerk. Vanaf 1876 tot 1952 het 567 studente wat geroepe gevoel het om sendelinge te word, vir 85 jaar aan die Sendinginstituut in Wellington studeer. Die leuse van die Opleidingsinstituut was “*Afrika vir Christus*”. Dr. Andrew Murray, predikant van die NG Kerk Wellington, het die naam “*Donkies*” aan-beveel as 'n erenaam. Sy motivering was dat 'n donkie vir Jesus Jerusalem in-gedra het. So moet hulle, as *Donkies*, die evangelie van Jesus Christus Afrika indra.

Sing: Psalm 99:1, 4, 5 (1936)

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)